**14 Februarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 4:1-16**
**Fokusgedeelte: Genesis 4:7**

**Jy moet koning wees oor die sonde**

Kain en Abel het die Here met offers gedien. Kain het sommer iets van die land se opbrings vir die Here geoffer. Vir Abel was diens aan die Here die belangrikste ding in sy lewe. Hy het van die beste vee gevat, die eerstelinge, en net die beste geoffer, hulle vet.

Die Here het Abel en sy offer daarom aangeneem, maar nie Kain en sy offer nie. As gevolg hier van het Kain kwaad geword. Hy was kwaad vir die Here omdat hy gereken het God is onregverdig. In plaas daarvan om sy eie lewe te ondersoek, krop hy liewers woede op. Dit vreet aan hom.

Die Here los Kain nie. Hy wil Kain tot selfondersoek en bekering lei. Hy vra hom: “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk?” Voordat Kain kan antwoord, wys die Here hom die pad. Hy moet oor die sonde, heers, dan sal hy goed doen en blydskap vind.

Ons ken die droewige geskiedenis van Kain. Hy haat Abel. Woede teenoor die Here kom baie maal uit in haat teenoor ons naaste. Later het die haat vir Kain te groot geword. Hy slaan sy broer dood.

Die belofte van Genesis 3:15 is nie nou daarmee heen nie. In die plek van Abel kom Set en Christus kom uit sy geslag. Die belofte word waar gemaak. Deur die sterwe van Christus word ons van sonde verlos. Ons kry ook die Heilige Gees deur wie ons weer herstel word tot konings oor die sonde. Ons kan oor ons eie sonde heers. Soms sukkel ons om self oor ons sondes te heers; daarom moet ons as medegelowiges saam oor ons sondes heers deur mekaar met die Woord te vermaan. Die wedersydse vermanings van medegelowiges is God se besondere genade om ons konings oor die sonde te hou. Laat ons nie kwaad word as ons vermaan word nie!

*Sing: Psalm 139:1, 12 Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)*